

29 Oktober

Psalm 105; (Teks: 105:5-10)

Hervorming : Dink aan die magtige dade van die Here

In talle variasies wemel dit in die Bybel van uitdrukkings soos: dink aan, onthou, gedenk, nie vergeet nie.

Dit is die manier waarop 'n mens belangrike gebeurtenisse uit die verre verlede, van oor die afstand van die tyd in hulle betekenis vir vandag herken. As ons teksvers sê: "Julle moet *dink aan* die magtige dade wat die Here gedoen het" dan gaan dit nie maar net daaroor dat ons bloot herinner word aan wat vroeër gebeur het en nou verby is nie. In hierdie uitdrukking lê die nadruk nie op die afstand in tyd tussen die dade van die Here en nou nie, maar dit gaan juis oor die saaklike nabyheid van daardie dade. Dit gaan oor die teenwoordigstelling, dat die verlede in die hede werklik betekenis het, dat ons in die volle blywende betekenis van daardie reddingsdade betrokke is. Die Here hou die verbond met Abraham so in stand - die belofte wat Hy aan duisend geslagte toegesê het. Sy reddingsdade strek oor die hele aarde. Hulle is nie beperk en begrens tot die verre verlede nie. In die *gedenk* van die reddingsdade het ons deel aan die redding. As ons aan die reddingsdade van die Here dink, gaan dit dus nie oor reddingsdade wat eenvoudig verby is nie, maar oor reddingsdade wat in die lewende verhouding met die Here vandag werklikheid is. Geen wonder dat die gedenk van die dade van die Here die betekenis kry dat hierdie dade *geloof* word. Die gedenkdag is feesdag van jou redding. En dit is waarom dit in die herdenking van die Reformasie van die kerk in die 16e eeu gaan. Die Reformatore het geen selfstandige aandag vir hulleself gevra asof hulle iets nuuts ontdek het nie. Nee, hulle het mense teruggeroep na die magtige dade wat die Here gedoen het - sy wonders, sy reddingsdade; en hulle het mense voor die aangesig van die lewende God gestel. Dis waar ons dus ook moet uitkom by die herdenking van die Hervorming.

Sing: Psalm 105:2, 3, 4

Ds. H. Dijkstra (Groblersdal)